



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *2 Mei 2021*

## Vyfde Sondag in die Paastyd

Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10

Jy is 'n priester!

1 Pet 2:1-10



Tema: Jy is 'n priester!

Ons is deur God gekies en spesiaal vir diens aan Hom aangestel. Ons is heilig. En ons taak as 'n heilige nasie is om 'n koninklike priesterdom te wees: koning Jesus se priesters in die wêreld, om tussen God en die wêreld te staan, om namens God voor die wêreld te staan, maar ook namens die wêreld voor die Here te staan.

## Só glo ons

Ek glo ...

### NGB Art. 27 Die kerk

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar tot die einde wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het—soos die Here vir Hom in die gevaarlike tyd van Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

## Ons Program

### Vandag

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Geen kategese en Sondagskool** nie

- **Deuroffer:** Gemeente-Ondersteuning
- **Tee en verversings** – Geen (Vakansie)

### Maandag: Skole heropen

- Die **kerkkantoor** is weer oop

### Dinsdag

- **Normaalklas** 18:00 in die konsistorie

### Vrydag

- **Manne-aand** by Karibu.

### Sondag 9 Mei: Moedersdag & Nagmaal

- **Nagmaaldiens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Kategese en Sondagskool** - geen
- **Deuroffer:** Fonds vir Vrouelidmate
- Vrouebediening se **Dankbaarheidsbotteltjies** word ingegee
- **Tee en verversings** – Emmaus Wyk

### Later in die maand


- Die **kerkraadsvergadering** verskuif van Dinsdag 11 Mei na 25 Mei.
- Die **Bybelskool** verskuif van 25 Mei na 11 Mei.
- Gesamentlike **Hemelvaartdiens** op Donderdag 13 Mei om 18:00 in die Gereformeerde Kerk.

### Bybellees-program

Ons begin vandag met **Jesaja**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

### Vleis- en Oesfees en Mini-basaar op 29 Mei

**Insamelingslyste** word tans in die wyke versprei en ons vra dat jy jou ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.



## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### Mei

2 Elizabeth Odendal

Veels Geluk

- 3 Henk van Loggerenberg; Freda Venter  
8 Marcia Pienaar

### Voorbidding

'n Hele aantal inwoners en personeel van **Ons Woning** het tans Covid-19. Bid vir hulle en die ander inwoners en personeel asb.

### Tannie Magda Gosling sê totsiens

Ek trek na Bethlehem. My oudste bly daar en sy het vir my plek gekry in 'n sentrum daar. Ek sê graag totsiens aan die gemeente. Dankie vir die ondersteuning met Harry se siekte. Ek het lekker gebly in ou Petrusburg.  
*Seënwense vir u toegebid, tannie Magda!*

## Vrouebediening Kwartaal 2

### Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

- 3 Mei Skole Open  
5 Mei Bestuursvergadering  
9 Mei Nagmaal - Blomme & Dankbaarheidsbotteltjies  
9 Mei Moedersdag  
11 Mei Kerkraadsvergadering - Verversings  
16-20 Mei Pinksterdienste - Sop (wyke maak beurte)  
29 Mei Vleisfees en Mini-basaar  
6 Jun Nagmaal - Blomme & Nuusbrief  
20 Jun Vadersdag  
9 Jul Skole Sluit

## Ten slotte

Covid-19 is steeds met ons.

Ek verstaan die frustrasie omdat ek nie tans gewone huisbesoek doen nie. Dit is inderdaad vir my ook sleg. Dit is egter so dat die kans dat ek die virus kan kry of versprei, veral hoog is as ek van huis tot huis beweeg. Dus raai die sinode predikante af om gewone huisbesoek in die pandemie-tyd te doen.

Na aanleiding van die hernude beroep van sinodale kant dat ons baie

versigtig moet wees en deur ons optrede nie die pandemie moet versprei nie, herhaal ek die reëling wat die kerkraad vroeër getref het: Enige lidmaat wat met my wil praat, is natuurlik altyd welkom om my telefonies te skakel.

Ek is beskikbaar vir 'n aangesig-tot-aangesig gesprek indien jy so verlang. Maak asseblief met my 'n afspraak, dan ontmoet ons mekaar in die kerk waar daar genoeg spasie is dat ons mekaar met veiligheid kan sien.

Indien dit nie vir jou geleë is of moontlik is om na die kerkgebou te kom vir 'n afspraak nie, kan ek wel 'n besoek by jou aan huis kom doen, mits dit buite kan wees en ons nie tee of koffie drink nie.

Dra asb te alle tye jou masker in die openbaar en in die erediens. Dit is lastig, maar dit is die wet. So beskerm ons mekaar teen die siekte. Hoe het Paulus nou weer in Romeine 13:8 gesê? "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."

Mag die Here ons bewaar in dié tyd.

Jaco Thom

*Almagtige God,  
U het u kerk geroep om te getuig  
dat U in Christus die wêreld met Uself versoen het.  
Help ons om die goeie nuus van u liefde te verkondig,  
sodat almal wat dit hoor, na U getrek mag word.  
Ons bid dit deur Hom wat aan die kruis verhoog is  
en saam met U in die eenheid van die Heilige Gees regeer,  
een God, nou en vir ewig.  
Amen.*

---

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		<i>facebook</i> <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae - Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		